## II. Betekenis van die vorme van die werkwoord in Afrikaans

Hier volg die gebruik en sommige van die vernaamste betekenisse van die vorme van die werkwoord:

(a) **Die Teenwoordige-tydsvorm.**

Hierdie vorm kan die volgende uitdruk:

(i) **Teenwoordige Tyd,** bv.

Ek sit op die stoel.
Vader rook sy pyp.
Die son skyn bedags. ('n altyd-geldige waarheid)
Hy kom sy beloftes na. ('n gewoonte)

(ii) **Verlede Tyd,** bv.

**Verlede maand** kom besoek Jan my op die dorp. Hy vertel my **daardie dag** dat hy baie siek is. Ek sê hom **toe** hy moet dr. du Toit raadpleeg. **'n Dag of twee daarna** loop ek hom weer in die poskantoor raak. Ek vra hom **toe** wat die dokter sê, en hy deel my **toe** mee dat hy 'n operasie moet ondergaan. **Gister** loop die ou weer hier by my aan — spekvet, fris en gesond.

**Let op:** Die vetgedrukte woorde (vormwoorde) help om die verlede-tydsbegrip uit te druk.

Wanneer 'n verhaal van gebeurtenisse uit die verlede vertel word asof dit nou plaasvind (met die teenwoordige-tydsvorme van die werkwoord), sê ons dat die **Historiese Praesens** gebruik word.

(iii) **Toekomende Tyd,** bv.

Ek lees **netnou** sy brief vir jou.
Wag net so'n bietjie; **dan** kom ek.
Ek gaan **oor 'n paar dae** Durban toe.
**More** kom ek jou besoek.

**Let op:** Die vetgedrukte woorde (vormwoorde) help om die toekomende-tydsbegrip uit te druk.

(b) **Die verlede-tydsvorm.**

Hierdie vorm druk uit:

(i) **Die verlede wat net verby is,** bv.

Ek het **so pas** teruggekom.
Ek het die bok **nou net** geskiet.
Ek het **soëwe** daarvan gehoor.
Hy het die bome **net** gesnoei.

**Let op:** Die woorde wat vetgedruk is, dui die onmiddellike verlede aan.

(ii) **Die verder verlede,** bv.

Ek het hom eergister besoek.
Wat het jy gesê toe hy jou gevra het?
Het ek jou nie daarteen gewaarsku nie?

(iii) **Die relatiewe verlede.** Hier word aangedui dat 'n sekere handeling alreeds voltooi was voordat die volgende begin het, bv.

**Nadat ek met hom gepraat het,** het sy humeur gesak.
Toe ek daar aankom, **het hy die koeie al (alreeds, reeds)** gemelk.
**As ek hom gesien het,** sou ek hom geken het.

**Let op:** Die vormwoorde **alreeds, reeds** en **al** help om die relatiewe verlede uit te druk.

(c) **Die Onvoltooide Toekomende-tydsvorm.**

Hierdie vorm druk uit:

(i) **Absolute toekoms,** bv.

Ek sal dorp toe gaan.
Die man sal sy skape dip.

(ii) **Relatiewe toekoms,** bv.

**Ek sal die voël skiet** voordat hy vlieg.
Nadat ek die bok geskiet het, **sal ek hom afslag.**

(iii) **Vasberadenheid of determinasie,** bv.

Ek **sal** dit doen, en jy sal my nie keer nie.
Jy **sal** nie, want ek sal daar 'n stokkie voor steek.

**Let op:**

In hierdie sinne word die „sal" wat determinasie uitdruk, beklemtoon in die spreektaal.

(d) **Die Voltooide Toekomende-tydsvorm.**

Kyk na die volgende sin:

Teen dat jy terugkom **sal ek al geëet het** (*iets sal verby wees in die toekoms*).

(e) **Die Onvoltooide Verlede Toekomende-tydsvorm**

Hy het gesê dat hy **sou skryf** (*'n bewering omtrent die toekoms waaromtrent die spreker geen mening uitspreek nie*)

**Let op:**

In die volgende sinne druk **sou** 'n konjunktiewe betekenis uit. Let op die verskillende betekenisse:

(i) **Ek sou dit doen** as ek jy was (*'n aanbeveling*)
(ii) **Ek sou so dink** dis verkeerd (*'n sterk bewering*)
(iii) **Ek sou nie kon sê** wie dit gedoen het nie (*druk onsekerheid uit*)
(iv) As ek moes probeer, **sou ek dit regkry.** (*'n veronderstelling vir die toekoms*).
(v) **Sou jy my kan sê** waar Jan nou woon? (*'n Vraag*)

(f) **Die Voltooide Verlede Toekomende-tydsvorm:**

Luidens 'n berig uit Vichy **sou** Laval gister van Duitsland af **teruggekeer het** (*iets wat toekomstig was in die verlede, en die spreker spreek geen mening uit oor die waarheid van die bewering*)

**Let op:**

In die volgende sinne druk bostaande vorme 'n konjunktiewe betekenis uit. Let op die verskillende betekenisse in die gebruik:

(i) As jy my gesê het, **sou ek dit gedoen het** ('n *veronderstelling oor die verlede wat nie uitgevoer is nie*).
(ii) Sou jy dit miskien gedoen het? (*'n Vraag*).

**LET WEL**

1. Dit is baie belangrik om die volgende te onthou:

(*a*) **Die Verlede-tydsbegrip word uitgedruk deur:**

(i) **het** of **is** of **was** + **die verlede deelwoord,** bv.
**Bedrywende Vorm:**

Ek **het** die hond uitgeja.
Die man **het** die bok geskiet.

**Lydende Vorm:**

Die hond **is** deur my **uitgeja.**
Die bok **is** deur die man **geskiet.**
Toe jy met my gepraat het, **was** die hond al **uitgeja.**

(ii) Die teenwoordige-tydsvorm van die werkwoord plus woorde en sinsnedes wat die verlede tyd aandui, bv.

**'n Paar dae gelede** kry ek skielik die gedagte om 'n fiets te koop.
Ek loop **verlede week** by hom aan en kry hom in die bed.
Ek stap **gister** by die winkel verby, en sien die winkel is toe.

(iii) Die teenwoordige-tydsvorm plus bindwoorde wat die verlede tyd aandui, bv.

**Toe** ek daar kom, is hy al weg.
Ek het eers my perd opgesaal; **daarna** ry ek lande toe.
Ek het lank stilgebly; **toe** word ek kwaad.
Ons het die vyand kwaai bestook; **daaop** steek hulle skielik die wit vlag op.

(iv) Vormverandering van die werkwoord self. Hier bedoel ons die paar sterk werkwoorde wat daar nog in Afrikaans gevind word, bv.

**is:** Die man **was** siek.
**het:** Ek **had** twee geweers by my (of: het . . . gehad).
**kan:** Hy **kon** dit nie doen nie.
**sal:** Dit **sou** die beste wees.
**moet:** Ons **moes** huis toe loop.
**wil:** Hulle **wou** dorp toe gaan.
**weet:** Ek **wis** nie wat om te doen nie.
**dink:** Ek **dog** (of **dag**) jy kom nie meer nie.
**mag:** Dit **mog** waar wees.

Twee ander sterk werkwoorde: **kog** (koop) en **brog** (bring) word baie, baie selde gebruik.

(*b*) **Die Toekomende-tydsbegrip word uitgedruk deur:**

(i) die teenwoordige-tydsvorm + woorde wat die toekoms aandui, bv.
Ek gaan **netnou** dorp toe.
**More** begin die eksamens.

(ii) die toekomende-tydsvorm, bv.
Ons sal die mielies natlei.

2. Sommige werkwoorde in Afrikaans het twee vorme bv.

(a) 'n paar werkwoorde wat op **-n** eindig:

| | |
|---|---|
| reën — reent | begin — begint; beginne |
| gaan — gaat | doen — doet |
| slaan — slaat | sien — siet |
| staan — staat | |

(b) byna alle werkwoorde wat op **-f** eindig, bv.

| | |
|---|---|
| skryf — skrywe | laaf — lawe |
| stoof — stowe | kerf — kerwe |
| sterf — sterwe | weef — wewe |
| streef — strewe | beef — bewe |

**Let op:** As daar 'n kort klinker voor die slot **-f** staan, is daar gewoonlik geen tweede vorm nie, bv.
sif, plof, kef, muf.

(c) Werkwoorde wat op **-g** eindig, bv.

| | |
|---|---|
| berg — bêre | plaag — pla(e) |
| eg — êe | saag — sae |
| draag — dra | leg — lê |
| bedrieg — bedrieë | vlieg — vlie(ë) |
| jaag — ja | ryg — rye |
| seg — sê | ploeg — ploeë |
| sorg — sôre | terg — têre |
| buig — buie | suig — suie |

**Let op:** As daar 'n kort klinker voor die **-g** staan, is daar geen tweede vorm nie, bv.
vlug, wag, lig, lag.

(d) Enkele werkwoorde wat op **-d** eindig, bv.
kleed — klee
bid — bidde

3. In plaas van die verlede-tydsvorm van die werkwoord word die hulpwerkwoord **is** (wat die betekenis van die selfstandige werkwoord geabsorbeer het) somtyds gebruik om aan te dui dat iemand van die een plek na die ander gegaan het. Die werkwoord wat veronderstel word, is **gaan, weggaan,** ens. Kyk na die onderstaande voorbeelde:
   (i) **Hoe laat is jy van die huis af weg?** (d.w.s.: Hoe laat het jy van die huis af weggegaan).
   (ii) **Hy is om twee-uur (van) hier vort.** (d.w.s.: Hy het om twee-uur hier weggegaan).
   (iii) **Die man is te voet veld toe.** (d.w.s.: Die man het te voet veld toe geloop.)

4. Hulpwerkwoorde word dikwels gebruik om begeertes uit te druk, bv.

   Had ek tog maar my bes gedoen!
   Kon ek maar daar wees vandag!
   Was ek maar so sterk soos hy!
   Mog ek daardie dag nog belewe!

5. As ons sinne in die teenwoordige tyd oorskryf in die verlede tyd, moet sommige woorde dikwels verander word. Let op die volgende voorbeelde:
   (i) **nou** word **TOE,** bv.

      Teenw. Tyd: Ek is nou moeg.
      Verl. Tyd: Ek was **toe** moeg.

   **Let op:** By aanskoulike voorstelling is **nou** ook moontlik in die verlede tyd.

   (ii) **Wanneer** word **TOE,** bv.

      Teenw. Tyd: Wanneer ek plaas toe gaan, neem ek my geweer saam.
      Verl. Tyd: **Toe** ek plaas toe gegaan het, het ek my geweer saamgeneem.

   **Let op: Wanneer** kan ook in die tweede sin (d.w.s. in die verlede tyd) gebruik word. Dit druk dan 'n iteratiewe handeling uit teenoor 'n enkele handeling. (iteratief = herhalend)

(iii) **dan** word **TOE,** bv.

Teenw. Tyd: Ek staan op; dan maak ek die deur oop.

Verl. Tyd: Ek het opgestaan; **toe** het ek die deur oopgemaak.

(iv) **more** word GISTER, VANDAG, NETNOU, ens., bv.

Teenw. Tyd: Ek gaan more dorp toe.

Verl. Tyd: Ek het **gister** dorp toe gegaan.

**Let op:** Enige woord wat toekoms aandui, word enige woord wat verlede tyd aandui.

6. Die verlede tyd van die infinitief (bv. om te gaan) word gevorm deur middel van die verlede deelwoord plus HET (bv. om te **gegaan het**). Kyk na die volgende voorbeelde:

Teenw. Tye: Dit is beter om te probeer as om niks te doen nie.
Jy behoort jou te skaam.
Jy hoef dit nie te doen nie.

Verl. Tye: Dit is beter om te **probeer het** as om niks te **gedoen het** nie.
Jy behoort jou te **geskaam het.**
Jy hoef dit nie te **gedoen het** nie.

7. Die verlede-tydsvorme van bysinne met **moet** soos in „Dit is die oudste vorm **wat die woord moet hê**" is òf:. . . „wat die woord **moet** gehad het" òf:. . . „wat die woord **moes** gehad het". In ander gevalle is daar gewoonlik 'n betekenisverskil tussen **moet** en **moes.** Vergelyk die volgende:

Ek vra myself nou nog dikwels af of ek nie maar vir Jan **moes** gehelp het nie. (*Ek het dit nie gedoen nie.*)

Dit is die boek wat hy **moet** (moes) geraadpleeg het om die gegewens te kry, want nêrens anders kon hy die informasie gevind het nie. (*Hy hét die boek geraadpleeg, of dis byna seker dat hy die boek geraadpleeg het.*)

8. By koppelwerkwoorde word die verlede-tydsvorm van die infinitief gebruik as die toestand in die verlede bestaan het, bv.

| Teenwoordige Tyd | Verlede Tyd |
|---|---|
| Hy blyk siek **te wees.** | Hy blyk siek te GEWEES HET. |
| Hy skyn treurig **te wees.** | Sy skyn treurig te GEWEES HET. |
| Die berg lyk steil **te wees.** | Die berg lyk steil te GEWEES HET. |
| Dit klink interessant **te wees.** | Dit klink interessant te GEWEES HET. |

9. Hier volg voorbeelde van die verskillende maniere waarop sinne in die verlede tyd geskryf word.

| GROEP | TEENWOORDIGE TYD | VERLEDE TYD |
|---|---|---|
| 1 | Ek **skiet.**<br>Hy **nuttig** sy ontbyt.<br>Die bootjie **dobber.**<br>Die water **kabbel.** | Ek **HET GE**skiet.<br>Hy **HET** sy ontbyt **GE**nuttig.<br>Die bootjie **HET GE**dobber.<br>Die water **HET GE**kabbel. |
| 2 | Ek **maak** hom **kwaad.**<br>Hy **wens** my **geluk.** | Ek **HET** hom kwaad**GE**maak.<br>Hy **HET** my geluk**GE**wens. |
| 3 | Ons **begin** (be-)<br>Hulle **gebruik** (ge-)<br>Ek **erken** (er-)<br>Hy **hersien** (her-)<br>Sy **onthou** (ont-)<br>Ek **vertel** (ver-) | Ons **HET** begin.<br>Hulle **HET** gebruik.<br>Ek **HET** erken.<br>Hy **HET** hersien.<br>Sy **HET** onthou.<br>Ek **HET** vertel. |
| 4 | Ek **voltooi** die sin.<br>Hy **mislei** my.<br>Die skoot **weerklink**<br>Ek **onderteken** die brief. | Ek **HET** die sin voltooi.<br>Hy **HET** my mislei.<br>Die skoot **HET** weerklink.<br>Ek **HET** die brief onderteken. |
| 5 | Die seun **hardloop.**<br>Ek **waarsku** hom.<br>Die seun **glimlag.**<br>Hy **antwoord** my. | Die seun **HET GE**hardloop.<br>Ek **HET** hom **GE**waarsku<br>Die seun **HET GE**glimlag.<br>Hy **HET** my **GE**antwoord |

| | | |
|---|---|---|
| 6 | Ek **probeer** dit.<br>Hy **repareer** die huis.<br>Ek **respekteer** hom. | Ek **HET** dit **(GE)**probeer.<br>Hy **HET** die huis **(GE)**-repareer.<br>Ek **HET** hom **(GE)**-respekteer. |
| 7 | Hy **lê en slaap.**<br>Ons **staan en praat,**<br>Sy **sit en skryf.**<br>Hy **loop en fluit.** | Hy **HET (GE)lê** en slaap.<br>Ons **HET (GE)**staan en praat.<br>Sy **HET (GE)**sit en skryf.<br>Hy **HET (GE)**loop en fluit. |
| 8 | Die meid **vee** en **stof** af.<br>Ek **maak skoon** en **pak reg.**<br>Ek **praat** en **praat** en **praat.** | Die meid **HET GE**vee en af **GE**stof.<br>Ek **HET** skoon**GE**maak en reg**GE**pak.<br>Ek **HET GE**praat en **(GE)**praat en **(GE** praat. |
| 9. | Ons **sien** die trein **aankom.**<br>Ek **hoor** die trein **fluit.**<br>Hy **laat** die koppie **val.** | Ons **HET** die trein **(GE)**-sien aankom.<br>Ek **HET** die trein **(GE)**-hoor fluit.<br>Hy **HET** die koppie **(GE)**-laat val. |
| 10. | Ek **is** hier.<br>Ek **wil** gaan.<br>Ek **kan** dit doen.<br>Ek **moet** gaan.<br>Ek **het** 'n boek.<br>(Hy sê hy **sal** kom.)<br>Ek **weet** dit.<br>Ek **dink** dit.<br>Dit **mag** waar wees. | Ek **WAS** hier.<br>Ek **WOU** gaan.<br>Ek **KON** dit doen.<br>Ek **MOES** gaan.<br>Ek **HAD** 'n boek **(HET... GEHAD)**<br>(Hy het gesê hy **SOU** kom.)*<br>Ek **WIS** dit (het geweet).<br>Ek **DAG** of **DOG** dit (het gedink.)<br>Dit **MOG** waar wees.<br>*Verlede Toek. Tyd. |
| 11 | **Jy behoort te gaan.**<br>**Jy hoef** nie **te gaan** nie.<br>**Om** dit **te doen** is reg.<br>**Hy lyk** slim **te wees.** | Jy behoort te **GE**gaan **HET.**<br>Jy hoef nie te **GE**gaan **HET** nie.<br>Om dit te **GE**doen **HET** is reg.<br>Hy lyk slim te **GE**wees **HET.** |

| | | |
|---|---|---|
| 12 | **ALLERLEI:** | |
| | Ek **het** my ouers **lief.** | Ek **HET** my ouers lief-**GEHAD.** |
| | **Wanneer** ek gaan,.. | **TOE** ek gegaan het, . . |
| | Ek staan op; **dan** . . . | Ek het opgestaan; **TOE**.. |
| | Ek wil **nou** gaan. | Ek wou **TOE** gaan. |
| | Hy kom **more.** | Hy het **GISTER, VANDAG,** ens. gekom. |

## 6. VORM

As ek sê „Jan skop die voetbal," dan is **Jan** die persoon wat iets doen, en **die voetbal** is die ding waaraan iets gedoen word. Ons kan egter die handeling van 'n ander gesigspunt beskou. Ons kan uitgaan van **die voetbal** (d.w.s. die ding waaraan iets gedoen word) in plaas van Jan (d.w.s. die persoon wat iets doen) en sê „Die voetbal word deur Jan geskop." Ons kan dus die vorm van die sin verander van **Bedrywende Vorm** (Jan skop die voetbal) tot **Lydende Vorm** (Die voetbal word deur Jan geskop). Hoe het ons hierdie verandering gemaak? Ons het (i) die onderwerp en voorwerp van die eerste sin (Jan skop die voetbal) omgeruil en (ii) die vorm van die werkwoord verander, d.w.s. ons het 'n hulpwerkwoord plus die verlede deelwoord gebruik om die lydende vorm van die werkwoord te vorm.

Kom ons kyk nou hoe die Lydende Vorm in die verskillende tye geskryf word:

| Bedrywende Vorm | Lydende Vorm |
|---|---|
| 1. Teenwoordige Tyd: Die seun **skop** die voetbal. | Die voetbal **WORD** deur die seun **GESKOP.** |
| 2. Verlede Tyd: Die seun **het** die voetbal **geskop.** | Die voetbal **IS** deur die seun **GESKOP** (geword). |
| 3. Voltooide Verlede Tyd: Voordat ek hom kon keer, **het** die seun die voetbal al **geskop.** | Voordat ek hom kon keer, **WAS** die voetbal deur die seun **GESKOP.** |
| 4. Onvoltooide Toek. Tyd: Die seun **sal** die voetbal **skop.** | Die voetbal **SAL** deur die seun **GESKOP WORD.** |

| | |
|---|---|
| 5. Voltooide Toekomende Tyd: Die seun **sal** die voetbal **geskop het.** | Die voetbal **SAL** deur die seun **GESKOP GEWORD HET (of:** GESKOP GEWEES HET). |
| 6. Onvoltooide Verl. Toek. Tyd: Hy het gesê dat die seun die voetbal **sou skop.** | Hy het gesê dat die voetbal deur die seun **GESKOP SOU WORD.** |
| 7. Voltooide Verl. Toek. Tyd: Volgens Jan **sou** die seun die bal gister 'n honderd tree ver **geskop het.** | Volgens Jan **SOU** die bal gister 'n honderd tree ver deur die seun **GESKOP GEWORD HET.** (of: GESKOP GEWEES HET.) |

LET WEL:

1. Let op die Engelse betekenisse van die volgende:

   Die voetbal **IS** geskop = The football **has been** kicked, or:
   The football **was** kicked.

   Die voetbal **WAS** geskop = The football **HAD BEEN** kicked.

2. Gewoonlik is dit net **oorganklike** werkwoorde (d.w.s. werkwoorde wat 'n voorwerp kan neem) wat in die lydende vorm gebruik kan word. Onoorganklike werkwoorde word in die reël nie in die lydende vorm gebruik nie. Daar is, byvoorbeeld, geen lydende vorm van sinne soos:

   Ek het netnou gekom.
   Die vuurtjie vonkel en knetter.
   Sy skoene blink, ens.

   Wanneer die onderwerp egter nie 'n s.nw. of persoonlike vnw. is nie, kan onoorganklike werkwoorde ook in die lydende vorm gebruik word, bv.

   **Hier** mag nie gepraat word nie.
   **Daar** word gebid.
   **Dit** word berig dat . . . .
   Vermeld word dat . . . .
   Waar word nie gerook nie?
   Wanneer word daar dan geslaap?

3. Die vorme van die werkwoord met **sou**, soos in (6) en (7) in bostaande tabel, word dikwels in 'n konjunktiewe betekenis gebruik. Vergelyk die volgende:

| Bedrywende Vorm | Lydende Vorm. |
|---|---|
| (i) As ek jy was, **sou** ek die werk **aanpak.** | As ek jy was, SOU die werk deur my AANGEPAK WORD. |
| (ii) As ek jy was, **sou** ek die werk **aangepak het.** | As ek jy was, SOU die werk deur my AANGEPAK GEWORD HET (**of:** AANGEPAK GEWEES HET). |

Wat is die verskil? Laasgenoemde twee sinne is nie bewerings soos (6) en (7) nie. (i) druk 'n veronderstelling vir die toekoms uit en (ii) druk 'n veronderstelling uit wat nie uitgevoer is nie.

4. Bestudeer die volgende voorbeelde goed:

| Bedrywende Vorm | Lydende Vorm |
|---|---|
| Die man **kap** die hout. | Die hout **WORD** deur die man **GEKAP.** |
| Die man **sal (moet, kan, mag, sou, moes, kon)** die hout **kap.** | Die hout **SAL (moet, kan, mag, sou, moes, kon)** deur die man **GEKAP WORD.** |
| Die man **het** die hout **gekap.** | Die hout **IS** (Engels: WAS; HAS BEEN) deur die man **GEKAP.** |
| Toe ek daar kom, **het** die man die hout al **gekap.** | Toe ek daar kom, **WAS** (Engels: HAD BEEN) die hout al deur die man **GEKAP.** |
| In die somer **kap** hulle. | In die somer **WORD** deur hulle **GEKAP.** |
| **Kap** die man die hout? | **WORD** die hout deur die man **GEKAP?** |
| **Het** die man die hout **gekap?** | **IS** die hout deur die man **GEKAP?** |
| **Het** die man die hout al **gekap** toe jy daar kom? | **WAS** die hout al deur die man **GEKAP** toe jy daar kom? |
| **Sal (moet, kan, mag, sou, kon, moes)** die man die hout **kap?** | **SAL (moet, kan, mag, sou, kon, moes)** die hout deur die man **GEKAP WORD?** |
| Wie **kap** die hout? | Deur wie **WORD** die hout **GEKAP?** |
| Wie **het** die hout gekap? | Deur wie **IS** die hout **GEKAP?** |

| | |
|---|---|
| Wie **sal (moet, kan,** ens.) die hout kap? | Deur wie **SAL (moet, kan,** ens.) die hout **GEKAP WORD**? |
| Waar **kap** die man die hout? | Waar **WORD** die hout deur die man **GEKAP**? |
| Die man **sal** die hout **kan kap.** | Die hout **SAL** deur die man **GEKAP KAN WORD.** |
| Die man **sou** die hout **kon kap.** | Die hout **SOU** deur die man **GEKAP KON WORD.** |
| Die man **kon (sou)** die hout **gekap het.** | Die hout **KON (sou)** deur die man **GEKAP GEWORD** (of **GEWEES) HET.** |
| **Kap** die hout. | Die hout **MOET** deur jou **GEKAP WORD.** |
| **Kon (sou)** die man die hout **gekap het**? | **KON (sou)** die hout deur die man **GEKAP GEWORD** (of: **GEWEES) HET**? |
| Die hond wat Jan **gekoop het, het** my **gebyt.** | Ek **IS GEBYT** deur die hond wat deur Jan **GEKOOP IS.** |
| Die koei wat die kaffer **melk, skop** die emmer **om.** | Die emmer **WORD OMGESKOP** deur die koei wat deur die kaffer **GEMELK WORD.** |
| Die seun wat my **geslaan het,** is Jan. | Die seun deur wie ek **GESLAAN IS,** is Jan. |
| Die hond wat my **gebyt het,** is Jan s'n. | Die hond waardeur ek **GEBYT IS,** is Jan s'n. |
| Ek **gooi** die speld wat my **gesteek het,** weg. | Die speld waardeur ek **GESTEEK IS, WORD** deur my **WEGGEGOOI.** |

## 7. DIE INFINITIEF

Die infinitief (ook genoem: onbepaalde wys) dui nie aan dat 'n handeling deur iemand verrig word nie, maar stel dit as 'n ding voor, bv.

Vroeg **opstaan** is gesond.
Ons hou van **swem.**

### Naamwoordelike en werkwoordelike funksie van die infinitief

Die onbepaalde wys dra 'n tweeledige karakter. Daar dit òf as s.nw. òf as ww. kan fungeer, onderskei ons dus tussen 'n naamwoordelike en werkwoordelike funksie:

(a) **Naamwoordelike funksie:**

Dit gebeur in die volgende gevalle:

(i) as **onderwerp** van die sin, bv.

**Swem** is gesond.

(ii) as **voorwerp** van die sin, bv.

Kinders hou van **speel.**

(iii) as **deel van 'n saamgestelde predikaat,** bv.

Die kinders was gou aan die **speel.**

(iv) as **byvoeglike bepaling,** bv.

Die lus **om te werk** het verdwyn.

(v) as deel van 'n **bywoordelike bepaling,** bv.

Deur hard **te werk** het hy geslaag.

(b) **Werkwoordelike funksie:**

Dit gebeur in die volgende gevalle:

(i) na hulpwerkwoorde van tyd, bv.

Ek sal dit **bring.**

(ii) na modale hulpwerkwoorde, bv.

Hy lyk moeg te **wees.**

(iii) na wwe. wat as hulpwerkwoorde dien, bv.

Hulle het gaan **slaap.**

Ons het hulle hoor **sing.**

**Let op:**

wanneer daar op die werkwoord wat deur „het" bepaal word, 'n tweede werkwoord in die infinitief volg, word die infinitief **gewoonlik** na die hulpwerkwoord gebruik en **nie** die verlede deelwoord nie. In bostaande sinne is „gaan" en „hoor" dus ook infinitiewe. Soms word die verlede deelwoord wel gebruik, bv.

Ons het hulle **gehoor** sing.

## Die infinitief met of sonder TE en OM TE

Kyk na hierdie sinne:

Ek voel lui **om te werk.**

Jy behoort dit **te doen.**

**Swem** is gesond.

Uit bostaande voorbeelde merk ons dat die infinitief in Afrikaans met OM TE met TE, of ALLEEN voorkom. Hoe weet ons hoe om die infinitief reg te gebruik? Die volgende kan waargeneem word:

### (a) **Infinitief met OM TE.**

Dit is die algemene en gewone vorm van die infinitief in Afrikaans, bv.

Ek weet nie wat **om te doen** nie.
Sê my hoe **om** dit **te doen.**
Weet jy waar **om** dit **te kry**?
Hy sê dit sonder **om te bloos.**
Ek hou daarvan **om** vis **te vang**.
Ons gaan veld toe **om te skiet.**
Ons ry vroeg **om** betyds daar **te kom.**
Hy is die regte persoon **om** senter **te speel.**
Dis **om te huil** soos Jan hom gedra.
Dit is moeilik **om te doen.**
Ek brand **om te hoor** wat gebeur het.
**Om** leuens **te vertel** is verkeerd.
**Om te swem** is gesond.
Sy plan **om weg te gaan** is verydel.
Die poging **om** die bok **te skiet** het misluk.
Verlang jy **om** die storie **te hoor**?
Begeer jy **om** Juliemaand **saam** met my **te kom**?

### (b) **Infinitief met TE**

Hierdie vorm vind ons:

(i) Na die voorsetsels **met** en **deur**, bv.
Deur vinnig **te ry** het ons gou daar gekom.
Jy moet aanhou met die medisyne **te drink.**

(ii) Na die sinsnedes **in stede van** en **in plaas van**, bv.
In plaas van **te luister**, sit hy en speel.
In stede van my dadelik **te vertel,** steek hy dit vir my weg.

(iii) Na die werkwoorde **behoort, hoef, is, was, sal wees, skyn, heet, lyk, meen** en **blyk,** bv.
Jy behoort jou hande **te was.**
Jy hoef nie **te gaan** nie.
Die huis was **te koop** (kope).
Die motor is **te huur** (hure).
Die geld sal more **te betaal** wees.
Hy heet begaafd **te wees.**

Hy skyn dit maklik **te** kan **doen**.
Jy lyk moeg **te wees**.
Hy meen **te weet** wat gedaan moet word.
Jan blyk die werk **te verstaan**.

(iv) In 'n paar ou uitdrukkings wat van Nederlands oorgeërf is, bv.
Dis aan hom **te danke** dat ek vandag nog lewe.
Dis aan hom **te wyte** dat ek die geld verloor het
Hoor hoe gaan die kinders **te kere**!
Ek was jou nie nou **te wagte** nie?
Hy gee **te kenne** dat hy dit nie gedoen het nie.
Sy gedrag laat veel **te wense** oor.
My hoed is nêrens **te vinde** nie.

### (c) Infinitief ALLEEN

Hierdie vorm vind ons:

(i) Saam met die hulpwerkwoorde **wil, moet, mag, kan, sal** en hulle verlede-tydsvorme, bv.
Jan wil (wou) **saamkom**.
Jy moet (moes) **weggaan**.
Hy mag (mog) dit **doen**.
Ons kan (kon) die wa **optel**.
Hulle sal (sou) die skape **skeer**.

(ii) As **onderwerp** en **voorwerp** van sinne, bv.
**Swem** is gesond.
**Loop** is goeie oefening.
Tennis **speel** is lekker.
Ek leer **dans**.

(iii) Na die voorsetsels **met, van, sonder,** e.a., bv.
Sonder (om te) **oefen** sal jy nie verbeter nie.
Hou op **met** terg.
Van **werk** word 'n mens ook moeg.
Met 'n bietjie **sukkel** is hy eindelik bo.

(iv) In uitdrukkinge soos die volgende:
Ek hoor die trein **aankom**.
Ons sien die diere **hardloop**.
Ek voel die naald **steek**.
Hy kom my more **besoek**.

Hy gaan dit more **doen.**
Jy moet my help **klaarmaak.**
Hy probeer die bok **skiet.**
Die seun hou van **lees.**

**LET OP:**

Verboë vorme van die infinitief leef nog voort in Afrikaans in geykte uitdrukkings, bv.

tot **barstens** toe
tot **walgens** toe
**willens** en **wetens**
tot **vervelens** toe, ens.

## 8. DEELWOORDE

Die deelwoord (Partisipium) is geen wyse nie. Dit is, wat oorsprong van naam betref, deels werkwoord en deels byvoeglike naamwoord.

In Afrikaans kan daar twee deelwoorde onderskei word:

### I. Die Teenwoordige (Onvoltooide) Deelwoord

Kyk na hierdie sinne:

Ons stap deur die **lopende** water.
Dit is 'n **niksseggende** antwoord.
Die siek man is **bedlêend.**
Die Indiër loop deur die **gloeiende** kole.
Die boer het blymoedig weggegaan, wel **wetende** dat sy voorman vir alles sou sorg.
Die **insittendes** is nie beseer nie.
Die **agterblywendes** se harte is seer.
Bring al die gereedskap, **insluitende** die kruiwa.

Wat kan ons opmerk?

Die vetgedrukte woorde is (oorspronklik) **terselfdertyd** werkwoord en naamwoord (= 'n s.nw. of b.nw.). Hierdie soort woorde noem ons **deelwoorde.** Wat die vorm betref, noem ons hulle **Teenwoordige (Onvoltooide) Deelwoorde;** maar wat die betekenis betref, is die naam eintlik misleidend, want die sogenoemde „teenwoordige" deelwoord druk uit:

(i) 'n handeling wat voortduur, bv.
die **lopende** water
die **skroeiende** son

(ii) 'n handeling wat voortgeduur het, bv.
**die destyds bloeiende stad**

(iii) 'n handeling wat sal voortduur, bv.
**die toekomstig regerende** koning

(iv) 'n handeling wat in 'n oomblik verby is, bv.
**Aan land stappend** het hy gou die nodige maatreëls getref.

**Let op:**

(a) Kyk na die volgende sinne:

(i) Het jy **voldoende** geld by jou?

(ii) **Gedurende** die vakansie gaan ons jag.
**Nieteenstaande** die hitte het ons maar aangestap.

(iii) Dit het twee dae **aanhoudend** gereën.
Die man het **uitstekend** gespeel.

In bostaande sinne is „voldoende" 'n b.nw., „gedurende" en „nieteenstaande" is voorsetsels, en „aanhoudend" en „uitstekend" is bywoorde. Hierdie woorde het wel die vorm van 'n teenwoordige deelwoord, maar hulle het alreeds oorgeloop na 'n ander klas, d.w.s. hulle het van funksie verander. **Om hierdie rede kan hulle NIE meer tot die deelwoorde gereken word nie.**

(b) As ons die lewende taalgebruik nagaan, vind ons dat teenwoordige deelwoorde **meestal** gebruik word as:

(i) **byvoeglike naamwoorde,** bv.
**lopende** water
'n **niksseggende** antwoord
Die siek man is **bedlêend**.
Die saak is nog **hangende**.
die **gloeiende** kole.

Soos ander b.nwe. kan hierdie b.nwe. (deelwoorde) ook selfstandig gebruik word, d.w.s. as:

(ii) **Selfstandige naamwoorde,** bv.
Die **agterblywendes** se harte is seer.
Die **insittendes** is nie beseer nie.

(c) Dit is baie selde dat die teenwoordige deelwoord sy karakter as werkwoord ten volle behou. Af en toe hoor ons darem nog 'n sin soos die volgende:

Die boer het weggegaan, wel **wetende** dat sy voorman vir alles sou sorg.

(d) Die teenwoordige deelwoord word gevorm deur **-END(E)** of **-DE** agteraan die stam van die werkwoord te voeg. Hulle gebruik verskil as volg:

**-DE** word net by die werkwoorde **doen, gaan, sien, slaan** en **staan,** en die meeste van hul afleidinge en samestellinge gebruik, bv.

doen — **doende**/ **voldoende**
gaan — **gaande**/ **opgaande**
sien — **siende**/ **versiende**
slaan — **slaande**/ **omslaande**
staan — **staande**/ **bestaande**

**-END(E)** word by alle ander werkwoorde gebruik:

(i) -ENDE is die verboë vorm **voor** 'n s.nw., bv.

bars — die **barstende** bomme
loop — die **lopende** water
sink — die **sinkende** skip
bly — **blywende** waarde
klop — **kloppende** harte

(ii) -END is die onverboë predikatiewe vorm, bv.

afmat — die werk is **afmattend**
opwen — die spel is **opwindend**
bly — die waarde is **blywend**
oplet — die kind is **oplettend**

(iii) Af en toe word -ENDE ook predikatief gebruik, bv.

Die saak is nog **hangende**.
Drie pond is nog **uitstaande**.

## II. Die Verlede (Voltooide) Deelwoord

Kyk na die volgende sinne:

Ek het die ongeluk **gesien**.
Die bootjie het op die water **gedobber**.
Hy het sy hondjie **saamgeneem**.
Die man het die dier **mishandel**.

Sy het 'n fout **begaan.**
Die man het sy huis **(ge)repareer.**
Waar is die **afgeplukte** vrugte.
Hy gooi die **verbrande** hoed weg.
Die man praat **gebroke** Afrikaans.
Hulle raas soos 'n klomp **besetenes** (s.nw.)
Die seun het 'n **gebreekte** arm.
Sy vader het baie **teleurgesteld** gevoel.

Wat kan ons opmerk?

Die vetgedrukte woorde word in sommige sinne, **saam met hulpwerkwoorde** as werkwoorde gebruik; in ander sinne word hulle as naamwoorde (= s.nwe. of b.nwe.) gebruik. Hierdie soort woorde noem ons **Verlede (Voltooide) Deelwoorde.**

Hierdie naam is misleidend. Alhoewel die woorde deelwoorde is, is hulle nie meer suiwer deelwoorde nie, maar word nog so genoem. Daarby druk die „verlede" deelwoord die voltooiing van 'n handeling en die daaruit voortvloeiende toestand wat voortduur uit: my **beseerde** been; die **geplukte** appels, ens. By oorganklike (transitiewe) werkwoorde is dit buitendien passief teenoor die teenwoordige deelwoord wat aktief is.

Daar is 'n verskil tussen die woorde „gebreekte" en „gebroke". **Gebroke** is 'n ou vorm van die verlede deelwoord wat uit Nederlands oorgeërf is, en staan bekend as 'n **Sterk Verlede Deelwoord. Gebreekte** word 'n **Swak Verlede Deelwoord** genoem. Ons gaan nou die twee apart behandel.

### (a) **Die Swak Verlede Deelwoord**

**Hoe word die swak verlede deelwoord gevorm?**

Ons kan die volgende verskynsels aantoon:

(i) By die meeste werkwoorde in Afrikaans word **GE-** voor die stam gevoeg, bv.

sien — **gesien**
gaan — **gegaan**
ry — **gery**
wapper — **gewapper**
trippel — **getrippel**
nuttig — **genuttig**

(ii) By skeidbaar saamgestelde werkwoorde kom die **-GE- tussen** die twee dele van die werkwoord, bv.

saamgaan — **saamgegaan**
wegry — **weggery**
volgooi — **volgegooi**
uitnooi — **uitgenooi**
gelukwens — **gelukgewens**

**Let wel:**

By skeidbaar saamgestelde werkwoorde val die klem altyd op die **eerste** deel van die werkwoord. Ons sê dus: **saam**gaan; **weg**ry; **vol**gooi; **uit**nooi, ens.

(iii) By werkwoorde wat op **-eer** eindig, word die **GE-** voor aangevoeg of heeltemal weggelaat. Albei vorme is korrek, bv.

repareer — **repareer** of **gerepareer**
probeer — **probeer** of **geprobeer**
kontroleer — **kontroleer** of **gekontroleer**
admireer — **admireer** of **geadmireer**

(iv) By werkwoorde wat met die voorvoegsels **BE-, GE-, ER-, HER-, ONT-** en **VER-** begin, word geen **ge-** gebruik nie, bv.

begin — **begin**
gebruik — **gebruik**
erken — **erken**
hersien — **hersien**
onthou — **onthou**
verloor — **verloor**

(v) By onskeidbaar saamgestelde werkwoorde word geen **ge-** gebruik nie, bv.

aanvaar — **aanvaar**
mislei — **mislei**
weerkaats — **weerkaats**
voltooi — **voltooi**
onderskat — **onderskat**
uitoorlê — **uitoorlê**

**Let op:**

By byna alle onskeidbaar saamgestelde werkwoorde val die klem op die **tweede** deel van die

werkwoord. Ons sê dus: aan**vaar**; mis**lei**; weer**kaats**; vol**tooi**; en onder**skat**, maar: **uit**oorlê ('n dubbele samestelling: uit + oor + lê).

(vi) By sommige onskeidbaar saamgestelde werkwoorde wat van s.nwe. afgelei is, of nie meer as saamgestelde werkwoorde gevoel word nie, word die **ge-** voor aangevoeg, bv.

| | |
|---|---|
| waarsku — **gewaarsku** | glimlag — **geglimlag** |
| openbaar — **geopenbaar** | waarborg — **gewaarborg** |
| antwoord — **geantwoord** | wanhoop — **gewanhoop** |
| raadpleeg — **geraadpleeg** | weerlig — **geweerlig** |
| hardloop — **gehardloop** | herberg — **geherberg** |

**Let op:**

By hierdie soort werkwoorde val die klem gewoonlik op die eerste deel van die werkwoord. Ons sê dus: **waar**sku; **ant**woord; **glim**lag; **weer**lig; **her**berg; **hard**loop, ens.

**maar:**

open**baar**

(vii) By konstruksies soos die onderstaande kan die **GE-** òf voor die eerste werkwoord alleen geplaas word, òf heeltemal weggelaat word. Hier volg 'n paar voorbeelde:

staan en praat — **(ge)staan en praat**
lê en lees — **(ge)lê en lees**
loop en fluit — **(ge)loop en fluit**
sit en eet — **(ge)sit en eet**

Hierdie konstruksie noem ons **Hendiadys.** Dit is die naam vir 'n konstruksie waarby **één** voorstelling of idee deur twee woorde wat met gelyke waarde naas mekaar gebruik word, en deur die woordjie **en** verbind is, uitgedruk word. Ons kan die konstruksie 'n los samestelling noem.

**Let op:**

Waar twee ander werkwoorde wat nie so'n eenheid uitdruk nie, saam in 'n sin staan, kan albei werkwoorde 'n **ge-** kry. **Dit hang af van die werkwoord self** en nie van die konstruksie nie, bv.

vee en stof — **gevee en gestof**
eet en slaap — **geëet en geslaap**
praat en praat — **gepraat en gepraat**
kul en mislei — **gekul en mislei**
agtervolg en omsingel—**agtervolg en omsingel.**

(viii) Wanneer daar op die werkwoord wat deur „het" bepaal word, 'n tweede werkwoord in die infinitief volg, word die infinitief gewoonlik na die hulpwerkwoord gebruik **en NIE die verlede deelwoord nie,** bv.

sien aankom — Ek het die trein **sien** aankom.
hoor sing — Ons het die kinders **hoor** sing.
laat val — Hy het sy oorlosie **laat** val.
leer lees — Die seun het **leer** lees.
probeer slaap — Ons het **probeer** slaap.
help optel — Hulle het ons **help** optel.
gaan swem — Die kinders het **gaan** swem.
kom kyk — Die man het **kom** kyk.
voel steek — Ek het die doring **voel** steek.
durf doen — Hy het dit nie **durf** doen nie.

**Let op**

Dit is wel die tradisionele vorm, maar algemeen gangbaar is ook:

Ek het die trein **ge**sien kom.
Ons het die kinders **ge**hoor sing, ens.

**behalwe:**

„Die kinders het gegaan swem."

## Die swak verlede deelwoord as verskillende woordsoorte gebruik.

Die swak verlede deelwoord kan gebruik word as:

(i) **'n werkwoord** (saam met die hulpwerkwoorde **het, is, was, word,** ens.), bv.

Ek het die werk **gedoen.**
Die seuntjie word **gestuur.**
Hy is deur sy vader **geslaan.**
Toe ek daar kom, was die vuur al **aangelê.**

(ii) **'n bywoord,** bv.

Hy kyk my **teleurgesteld** aan.
Die hond lê **vasgemaak** op die stoep.
Die kind kom **bekrap** van die dorings tuis.

**Let op:**

Woorde soos die onderstaande vetgedrukte woorde is NIE meer verlede deelwoorde nie. Hulle verbale krag word nie meer gevoel nie; dus het hulle alreeds oorgeloop na 'n ander klas (bywoorde):

Hy skryf **gereeld** aan sy ouers.
Hy kyk **verwonderd** na my.
Die man praat sag en **bedaard.**

(iii) **'n b.nw. (deelwoord) as s.nw. gebruik,** bv.

Daar was baie **gesneuweldes.**
Ons het die **bedroefdes** probeer troos.
Sy **verloofde** het verdrink.
Hy is 'n groot **geleerde.**

(iv) **'n Attributiewe b.nw.** Wanneer die verlede deelwoord **voor** die s.nw. gebruik word, word dit verbuig. **-DE, -TE** of **-E** word agteraan die verlede deelwoord gevoeg. Die volgende verskynsels kan aangetoon word:

### -TE

-TE word agter aangevoeg as die stam van die werkwoord eindig op:

**K:** afpluk — **afgeplukte** vrugte
skink — **geskinkte** tee
insluk — **ingeslukte** pille

**P:** skop — die **geskopte** bal
stop — **gestopte** kouse
verslap — **verslapte** maatreëls

**F:** as daar 'n kort klinker voor die **f** staan:
afstof — **afgestofte** meubels
sif — **gesifte** meel
straf — **gestrafte** kind

**G:** as daar 'n kort klinker voor die **g** staan:
verlig — 'n **verligte** eeu
verplig — **verpligte** onderwys
verag — die **veragte** man

**maar:**

eg — die **geëgde** land

**S:** (as daar 'n **l, n, r** of 'n kort klinker voor die **s** staan.)

wens — die **gewenste** uitwerking
bars — die **gebarste** ballon
verskans — die **verskanste** troepe
pars — die **geparste** druiwe
pos — die **geposte** brief
vervals — die **vervalste** tjek
pas — 'n **gepaste** woord.

**Let ook op die volgende:**

verroes — 'n **verroeste** spyker.
verwoes — 'n **verwoeste** streek
vereis — die **vereiste** lengte
vasys — die **vasgeyste** skip

## -E

-E word agter aangevoeg as die werkwoord eindig op:

**-D:** verbrand — die **verbrande** koek
beklad — 'n **bekladde** vel
beantwoord — **beantwoorde** vrae
dood — die **gedode** soldate

**-T:** sout — **gesoute** vleis
haat — 'n **gehate** vyand
uitstoot — die **uitgestote** gewig
uitput — die **uitgeputte** man

## -DE

-DE word in alle ander gevalle aangevoeg (meer bepaald: as die werkwoord op **l, m, n, r, b, ng,** 'n **klinker** of **tweeklank** eindig; as daar 'n **lang klinker** of **tweeklank** voor 'n **slot -s, -f** of **-g** staan, of as daar 'n **l** of **r** voor 'n **slot -f** of **-g** staan.)

Kyk na hierdie voorbeelde:

bedel — die **gebedelde** geld
kniehalter — die **gekniehalterde** perd
respekteer — die **(ge)respekteerde** man
dagvaar — die **gedagvaarde** man

ophang — die **opgehangde** man
kerf — die **gekerfde** tabak
terg — die **getergde** seun
vervolg — die **vervolgde** man
steel — die **gesteelde** goed
afroom — die **afgeroomde** melk
maal — die **gemaalde** vleis
oorteken — die **oortekende** lening
gesel — die **gegeselde** esel
beleër — die **beleërde** stad
eer — die **geëerde** man
kerf — die **gekerfde** tabak
styf — die **gestyfde** boordjie
saag (sae) — die **gesaagde** hout
verbaas — die **verbaasde** man
waarsku — die **gewaarskude** man
uitbroei — die **uitgebroeide** kuikens
aftob — die **afgetobde** werker

**Let op:**

Die volgende neem **-GDE**:
lê — die **gelegde** eier.
belê — die **belegde** geld
ja — die **gejaagde** bok
inlê — die **ingelegde** vrugte
uitoorlê — die **uitoorlegde** diener
sae (saag) — die **gesaagde** hout
plae (pla(ag)) — die **geplaagde** man

(v) **'n predikatiewe b.nw.,** bv.
Die man is **vermoei(d).**
Die kamer is **gemeubileer(d).**
Die seun is **geleerd.**
Die man was **verbaas(d).**

**Verlede deelwoorde met en sonder die slot-D.**

Die volgende verskynsels kan waargeneem word:

(i) Wanneer die swak verlede deelwoord saam met die hulpwerkwoorde **het, is, was** en **word,** ens. as 'n werkwoord gebruik word, word daar nie 'n -D agteraan gevoeg nie, bv.

Die man het hom daaroor **verwonder**.
Die man word deur sy seun **teleurgestel**.
Die konfyt is deur moeder **geroer**.
Die storm het gou weer **bedaar**.
Almal het daardie man **geëer**.
Jy het die saak heeltemal **bebrou**.
Hy moes die werk **gedoen** het.

(ii) Wanneer die swak verlede deelwoord as 'n predikatiewe b.nw. of bywoord gebruik word, word die -D somtyds agter aangevoeg, bv.

Die man was **verwonder(d)** daaroor.
Die kêrel is **teleurgestel(d)**.
Die man lyk **verbaas(d)** om dit te hoor.
Die seun voel **geëer(d)**.
Die hele saak is nou **bebrou(d)**.
Die dame is **getroud**.

**Let op:**

(i) Soos die bostaande voorbeelde aantoon, is die aanvoeging van die -D onseker, want ook by hierdie groep is daar 'n sterk neiging om die -D maar heeltemal weg te laat. Dit hang dikwels van die spreker of skrywer self af of die -D wegval of nie: party mense gebruik die vorm **met** -D; ander verkies die vorm sonder -D. Daar is egter 'n paar verlede deelwoorde (wat as predikatiewe b.nwe. en bywoorde gebruik word) wat gewoonlik die -D agteraan behou, bv. **getroud, geleerd/ bejaard.**

(ii) Woorde soos **beroemd, vermaard, bedaard,** e.a. het alreeds oorgeloop na 'n ander klas. Hulle is b.nwe. (of bywoorde) en NIE meer deelwoorde nie.

### (b) Die Sterk Verlede Deelwoord

Uit Nederlands het Afrikaans 'n hele klomp sterk verlede deelwoorde oorgeërf. Hulle word gewoonlik as **attributiewe** eienskapswoorde (b.nwe.) gebruik. Hulle eindig almal op -E. Hier is 'n paar voorbeelde. Let op hoe die stamklinker verander:

breek — 'n **gebroke** hart
aanbod — **aangebode** hulp
bederf — **bedorwe** kinders
dwing — **gedwonge** onderwys
opskiet — **opgeskote** seuns
spreek — die **gesproke** woord
slyp — **geslepe** diewe

In sommige gevalle verander die stamklinker nie, bv.
aankom — die **aangekome** gaste
inhou — **ingehoue** trane
afmeet — met **afgemete** stap
span — met **gespanne** aandag
verslaan — **verslae** harte

**Let wel:**

(i) Sterk verlede deelwoorde kan soms ook gebruik word as:

**Bywoorde,** bv.
Hy kyk my **verslae** aan.
Die man praat **opgewonde** daaroor.
Die huis staan **verlate** op die vlakte

**S.nwe.,** bv.
agterbly — die **agtergeblewene**
besit — 'n **besetene**
afsterf — die **afgestorwene**

(ii) Die stam van sommige verlede deelwoorde en party woorde wat oorspronklik verlede deelwoorde was (maar nou net as b.nwe. gebruik word), word nie meer in Afrikaans gebruik nie, bv.

**(winden):** in onomwonde taal
**(tygen):** ingetoë meisies
**(baren):** 'n gebore dokter
**(voldingen):** 'n voldonge feit

(iii) Naas die sterk verlede deelwoord bestaan daar in sommige gevalle ook 'n swak vorm van die verlede deelwoord. Die **swak** vorm word dikwels **letterlik** en die **sterk** vorm **figuurlik** of in vaste uitdrukkings gebruik, bv.

die **gebuigde** yster, maar: met **geboë** hoof
die **gekoopte** klere, maar: die **duurgekogte** vryheid
die **verskrikte** voëls, maar: 'n **onverskrokke** held
**bespreekte** sitplekke, maar: van **onbesproke** gedrag
die **vasgebinde** man, maar: 'n **gebonde** lewe

**LET WEL:**

Die sterk verlede deelwoord word dikwels **letterlik** gebruik, bv.

**aanbevole** maatreëls
**aangebode** hulp
**aangesete** gaste
die **agtergeblewe** persone.

Ons sou met reg kan sê dat die **meeste** sterk verlede deelwoorde **letterlik** (en **nie** figuurlik nie) gebruik word.